# 3 JOHANNES

A.D. 90-95

Nuwe Testament

Reeks 8

Briewe

Boek 64

## Die Ou Testament

**Reeks 1. Wet**

- Boek 1: Genesis
- Boek 2: Eksodus
- Boek 3: Levitikus
- Boek 4: Numeri
- Boek 5: Deuteronomium

**Reeks 2. Geskiedenis**

- Boek 6: Josua
- Boek 7: Rigters
- Boek 8: Rut
- Boek 9: 1 Samuel
- Boek 10: 2 Samuel
- Boek 11: 1 Konings
- Boek 12: 2 Konings
- Boek 13: 1 Kronieke
- Boek 14: 2 Kronieke
- Boek 15: Esra
- Boek 16: Nehemia
- Boek 17: Ester

**Reeks 3. Wysheid en Poësie**

- Boek 18: Job
- Boek 19: Psalms
- Boek 20: Spreuke
- Boek 21: Prediker
- Boek 22: Hooglied

**Reeks 4. Groot Profete**

- Boek 23: Jesaja
- Boek 24: Jeremia
- Boek 25: Klaagliedere
- Boek 26: Esegiël
- Boek 27: Daniël

**Reeks 5. Klein Profete**

- Boek 28: Hosea
- Boek 29: Joël
- Boek 30: Amos
- Boek 31: Obadja
- Boek 32: Jona
- Boek 33: Miga
- Boek 34: Nahum
- Boek 35: Habakuk
- Boek 36: Sefanja
- Boek 37: Haggai
- Boek 38: Sagaria
- Boek 39: Maleagi

## Die Nuwe Testament

**Reeks 6. Evangelies**

- Boek 40: Mattheus
- Boek 41: Markus
- Boek 42: Lukas
- Boek 43 Johannes

**Reeks 7. Geskiedenis**

- Boek 44: Handelinge

**Reeks 8. Briewe**

- Boek 45: Romeine
- Boek 46: 1 Korintiërs
- Boek 47: 2 Korintiërs
- Boek 48: Galasiers
- Boek 49: Efesiers
- Boek 50: Filippense
- Boek 51: Kolossense
- Boek 52: 1 Tessalonisense
- Boek 53: 2 Tessalonisense
- Boek 54: 1 Timoteus
- Boek 55: 2 Timoteus
- Boek 56: Titus
- Boek 57: Filemon
- Boek 58: Hebreërs
- Boek 59: Jakobus
- Boek 60: 1 Petrus
- Boek 61: 2 Petrus
- Boek 62: 1 Johannes
- Boek 63: 2 Johannes
- Boek 64: 3 Johannes
- Boek 65: Judas

**Reeks 9. Apokalips**

- Boek 66: Openbaring

# DIE DERDE BRIEF VAN DIE

APOSTEL JOHANNES

**DIE** ouderling aan die geliefde Gajus wat ek in waarheid liefhet. Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan; want ek was baie bly as daar broeders kom en van jou waarheid getuig, soos jy in die waarheid wandel. Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel. Geliefde, jy handel getrou in alles wat jy doen vir die broeders, en dit vir vreemdelinge wat van jou liefde voor die gemeente getuig het. Jy sal goed doen as jy hulle voorthelp op 'n voor God waardige wyse. Want vir sy Naam het hulle uitgegaan sonder om iets van die heidene te neem. Ons behoort dan sulke mense goed te ontvang, sodat ons mede-arbeiders van die waarheid kan word.

**EK** het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrefes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie. Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met slegte woorde teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en werp hulle uit die gemeente. Geliefde, moenie navolg wat kwaad is nie, maar wat goed is. Hy wat goed doen, is uit God; maar hy wat kwaad doen, het God nie gesien nie. Van Demétrius is deur almal getuienis gegee en deur die waarheid self; en ons getuig ook, en julle weet dat ons getuienis waar is. Ek het baie dinge gehad om te skrywe, maar ek wil nie met ink en pen aan jou skryf nie. Maar ek hoop om jou gou te sien, en ons sal van mond tot mond spreek. Vrede vir jou! Die vriende groet jou. Groet die vriende by die naam.